PRESTASIE VAN NGUNI KRUIS KALWERS IN 'N "BACKGROUND" SISTEEM

Manie Wessels, Vrede • Tel: 083 284 7470 E-pos: 0832847470@mtnloaded.co.za

Een van die vrae in ons boerdery was hoe ons op 'n eenvoudige manier waarde tot ons produk kan toevoeg sonder om ons stelsel (koei-kalf stelsel) te verander en sonder om ekstra kapitale investering te maak. Oor die laaste vier jaar volg ons 'n stelsel waar kalwers soos tradisioneel teen einde Junie gespeen word, maar dan nie teen lae pryse as gevolg van ooraanbod bemark word nie, maar eerder teruggehou word. Die kalwers word dan oorwinter op reeds beweide veld, sonder bale en met 'n goeie lek. Een van die vereistes wat ons gestel het voor ons met die stelsel begin het, was dat die speenkalwers nie voorkeur ten opsigte van spaarveld mag kry nie.

Hier volg 'n kort opsomming van die prestasie van kalwers vir die 2009/2010 seisoen.

Kalwers is gespeen teen einde Junie 2009 en bemark teen 15 Februarie 2010.

Maand	Gem. Gewig	Mark Prys	Bruto Prys
1 Julie	170kg	R 13.50	R 2295
1 Desember	210kg	R 16.00	R 3360
15 Februarie	295kg	R 14.70	R 4336.50

Die voerprogram is uitgewerk deur Dewald Vosloo.

Tydperk	Tipe Lek	Innames	Kostes
1 Julie - 30 November	Speenkalf lek	350 g/d	R115.50
30 November - 15 Januarie	Produksie lek	500 g/d	R 49.20
15 Februarie - 15 Februarie	Energie lek	1 kg/d	R 66.00

Totale koste is soos volg:

Voerkostes	R 230.70
Doseer, brandstof, arbeid & ander diverse	R 58.30
Huur van weiding (8 Maande)	R 200.00
Rente	R 140.00
Moraliteit	R 18.00
Totaal	**R 647.00**

Waarde toegevoeg oor tydperk

Verkoopprys	R 4336.50
Min: Speenwaarde	R 2295.00
Min: Totale kostes	R 647.00
Netto Wins	R 1394.50

Oor die laaste sewe jaar gebruik ons net Nguni bulle op ons oorspronklike "rooi" beeste in ons kudde. Ons doel is nie om 'n nuwe ras te teel nie, maar om die wonderlike eienskappe wat in die Nguni ras is in 'n kommersiële beesboerdery te gebruik om produktiwiteit te verhoog. Uit die bogenoemde data kan duidelik gesien word waartoe die Nguni in 'n kruisteelprogram instaat is.